Nuwe regters

Hoogste Hof van Appèl

Vanaf 1 Junie 2002

Regter Johan Conradie

Johannes Hendrik Conradie is op 15 Junie 1938 in Johannesburg gebore. Laerskool Jan Celliers; matrikuleer aan Hoërskool Helpmekaar, Johannesburg, in 1956. Een jaar voorgraadse studies, Universiteit van Basel; BA (1959) LLB (cum laude,1963) Universiteit van die Witwatersrand. Toegelaat as prokureur in 1964. Lid van Johannesburg Balie 1965-1987. Senior status verwerf in 1982. Waarnemende regter 1984 (Transvaal) en 1985 (Kaap). Aangestel as regter van die Kaapse hooggeregshof in 1987.

Ry fiets en stap; stel belang in tale (Duits en Frans).

Noord-Kaapse hooggeregshof

Vanaf 1 Mei 2002

Regter Hennie Lacock



Hendrik Johannes Lacock is op 25 April 1947 te Keetmanshoop, Namibië, gebore. Laerskool Aroab, Namibië. Matrikuleer aan die Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch, in 1965. BComm Regte (1968) LLB (1970) Stellenbosch. Praktiseer as prokureur te Windhoek 1973-1978. Toegelaat as advokaat in 1978 en praktiseer te Windhoek 1978-1981 en Kimberley 1982-2002. Voorsitter van Noord-Kaapse Balieraad van 1989 tot 2001. Senior status verwerf in 1989.

Natuurliefhebber - wildboerdery.

Getroud met Malie Müller; twee dogters en een seun.

Kaapse hooggeregshof

Vanaf 1 Mei 2002

Regter Hennie Erasmus



Hendrik Johannes Erasmus is op 10 Januarie 1935 te Ladysmith, Natal, gebore. Laerskool Harrismith; matrikuleer aan Kroonstad Hoërskool in 1952. MA (1959) UOVS; DLitt et Phil (1962) Leiden; LLB (1966) Unisa.. Toegelaat as advokaat in 1967. Praktiseer as advokaat 1968-1974; professor in die regte Unisa 1974-75; Stellenbosch 1976-1995; gasprofessor in VSA 1996-2001; verskeie kere arbiter en waarnemende regter. Fellow Association of Arbitrators; by verskeie geleenthede lid van Reëlsraad. Outeur (en mede-outeur) van werke bekend aan praktisyns.

Getroud met Maureen Fowler en het twee seuns en 'n dogter (sy is 'n prokureur).

Transvaalse hooggeregshof

Vanaf 1 Mei 2002

Regter Eben Jordaan

Ebenhaezer Jordaan is op 15 Junie 1948 in Johannesburg gebore. Laerskool Newton, Port Elizabeth; matrikuleer aan DF Malan Hoërskool, Johannesburg, in 1966. BA (1969) LLB (1972) LLM (1995) Pretoria. Toegelaat as advokaat in1973. Staatsaanklaer en staatsadvokaat1973-1977; senior staatsadvokaat 1978-87. Praktiseer aan Pretoria Balie 1987-2002; lid van Pretoria Balieraad 1994-1997 (sekretaris 1992). Verwerf senior status in1997.

Stel belang in Beethoven se musiek en rugby (Blou-bulle).

Getroud met Etresia Mouton; twee seuns.

Competition Appeal Court

From 1 May 2002

Judge Selwyn Selikowitz



Selwyn Selikowitz was born in Cape Town on 11 April 1942. Herzlia Primary and High Schools; matriculated in 1959. BA (1963) LLB (1965, with honours) Cape Town. Admitted as an advocate in 1966; took silk in 1983. Member of the Cape Bar 1966-1987. Appointed to Cape Bench in 1987. Served on Bar Council 1974-1987. Hobbies include wine collecting (and tasting); the outdoors (wildlife - animals and birds); walking on the slopes of Table Mountain.

Married to Wendy Schwartz; three children (two are lawyers).

Die volgende aanstellings is ook gemaak:

Oos-Kaap: Me Nonkosi Zoliswa Mhlantla as regter te Port Elizabeth vanaf 1 Junie 2002.

Transkei: Waarnemende regter Lusindiso Philemon Pakade as regter vanaf 1 Mei 2002.